



Die voordele van behoorlike rekordhouding

Deur Rachelle Cloete

Die lewendehawebedryf is een van die mees omstrede bedrywe wanneer daar gekyk word na individuele identifikasie, die unieke merk en bestuur van lewendehawe (voorraad). Dit is asof daar uitgebreide verduidelikings en verskonings is waarom diere nie gemerk word nie.

Die vraag word gevra: Hoe word 'n besigheid suksesvol bestuur in die afwesigheid van 'n akkurate rekordhoudingstelsel? Hoe word voorraad doeltreffend bestuur indien dit nie uniek genommer of geïdentifiseer kan word nie, veral waar die insetkoste en verkoopprijs van elke dier in die groep verskil?

Vergelyk 'n lewendehawe-onderneming/boerdery met 'n suksesvolle vervaardigingsonderneming. Komponente word toegevoeg om 'n funksionele eindproduk te lewer. Elke komponent wat toegevoeg word se voorraadnommer word aan die einde van die produksieproses in ag geneem om die finale prys te bereken.

Daar is 'n aanvangskoste vir die aankoop van die dier (voorraad). Daar is ook wetlike vereistes met verwysing na die dier se gesondheid en die beheer en bestuur van byvoorbeeld siektes wat van dier na mens oordraagbaar is en omgekeerd. Alles hou verband met finansiële insette teenoor spesifieke diere in die kudde. Dit is ook die produsent se verantwoordelikheid om boek te hou van veemedisyne en entstowwe wat gebruik is, reeksnommers, vervaldatums en dosisse, wat hom in staat sal stel om aan die wetgewing rakende voedselveiligheid en produsente-verklarings te voldoen.

Wanneer bloedtoetse geneem word om te bepaal of siektetoestande teenwoordig is by die dier wat die kudde kan besmet, moet die produsent in staat wees om die bloedtoetsresultate sonder twyfel aan die regte dier te koppel, veral waar daar positiewe uitslae ter sprake is wat sekere aksies vereis.

Wanneer diere gereeld geweeg word, individueel geïdentifiseer word en daar noukeurig boekgehou word,

kan gemiddelde daaglikse gewigstoename of -verlies 'n baie goeie aanduiding wees van finansiële verliese wat proaktief bestuur kan word. Wanneer verliese gelyk word deur onwettige optrede soos veediefstal, sal daar van die eienaar verwag word om die diere te identifiseer. Hoewel die wetlik verpligte brandmerk van diere gebruik moet word, sal dit ook van groot waarde wees indien addisionele inligting soos kleur, ras, geslag, ouderdom, DNS-materiaal of ander unieke identifikasie beskikbaar gestel kan word.

Voordele van individuele rekordhouding

- Individuele inligting met betrekking tot die dier se groei.
- Produksie- en reproduksie-inligting per individuele dier en interkalf/lam-periodes.
- Die vermoë om meerlinge se genetiese te behou en seleksie vir uitskot op voorkoms of gewig te maak.
- Besmette diere in die kudde vroegtydig te identifiseer en voorsorg te tref om verdere besmetting van die kudde te voorkom.
- Aanspreeklikheidseise suksesvol teen te staan met bewys van identifikasie en die nodige rekords met verwysing tot die dier se mediese en gesondheidsrekords.
- Identifisering van "passasiers" wat jou bankrot vreet en nie reproduseer nie, sieklik is of selfs net geneties swak presteer met swak groei, en hulle vroegtydig slagpale toe te stuur.
- Die beheer en bestuur van onnodige hoë onkoste met verwysing na veeartsenymiddels.
- Die behoorlike beheer en bestuur van vleis- en melk-onttrekkingsperiodes wanneer diere aan 'n slagpale gelewer word.

Die inligting is verkry uit die *Wet op Diersiektes* (Wet Nr. 35 van 1984), die *Wet op Vleisveiligheid*, (Wet Nr. 40 van 2000) en die *Wet op die Identifikasie van Diere* (Wet Nr. 6 van 2002). Besoek die webtuiste www.daff.gov.za vir die volledige wetgewing.



Kontak ons vir inligting en implementering van die GMPBasic®-bestuurstelsel.
Kontak GMP Traceability by 083 263 3471 of 011 954 4971, epos.support@gmpbasic.co.za.

Besoek ook ons webwerf by www.gmptags.co.za.

GMP Traceability Management Software cc – CK1998/001282/23

www.gmptags.co.za